



**NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP MAANDAG, 24 AUGUSTUS 2020**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Raadsheer R F van der Westhuizen
Raadsdame M van Zyl

Ander raadslede:

Rdl M S Rangasamy (Speaker)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Bestuurder: Begrotingskantoor, me H T Papier
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter open die vergadering en rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan die
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton, na sy terugkeer vanaf siekverlof.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

3. NUWE SAKE

3.1 UITSTAANDE DEBITEURE: JULIE 2020 (5/7/1/1)

Die voorsitter behandel die item en bedank die inwoners van die Swartland munisipale area wat getrou hul munisipale diensterenkinge betaal.

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat die verskuldigde bedrae deur amptenare, soos in die verslag aangedui, intussen vereffen is.

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Julie 2020.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**